Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Insig tot die wetlike en regulerende raamwerk binne sport. Verklaring van onderskeie beleide en prosedures vanaf internasionale tot plaaslike en klubvlak. Uitwys van skakels tussen operasionele riglyne wat bestaan binne beheerstrukture. Bestepraktyk-bestuursbeginsels in die bestuursleiding van sportliggame.

Sportprojek-analise 353 (SDT 353)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Projekbestuursbeginsels. Gebruik van tegnieke en metodes in beplanning, uitvoering en beheer van projekte.

Sportnavorsing en -ontwerp 354 (SDT 354)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Navorsingsprojek: Inleiding tot navorsing in sport en fisieke aktiwiteite. Belangrikheid van navorsing in sport en fisieke aktiwiteite. Teoretiese (kwalitatiewe) aspekte van navorsing. Empiriese (kwantitatiewe) aspekte van navorsing. Statistiese aspekte van navorsing.

Nasionale veiligheid 871 (SEC 871)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	MA Veiligheidstudies (Gedoseer) MA Veiligheidstudies (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Hierdie studie van nasionale veiligheid fokus op die besluite, aktiwiteite en instellings wat met nasionale veiligheid en nasionale veiligheidsbeleid verband hou. Dit begrond die strategiese keuses wat op internasionale, regionale en nasionale vlak in reaksie op veiligheidsuitdagings gemaak word, hetsy deur individuele state of in die multilaterale konteks van regionale en globale veiligheidsamewerking. Mededingende teoretiese benaderings tot nasionale veiligheid word ook ondersoek en beoordeel, asook die politieke en strategiese konteks wat die besluite, instellings en prosesse van nasionale veiligheidsbeleidmaking en veiligheidsektor regering beïnvloed.

Sekuriteitsregimes 875 (SEC 875)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Voortspruitend uit die behoefte aan gemeenskaplike sekuriteit en die nastrewing van orde en geregtigheid deur sekuriteitsgemeenskappe, behels sekuriteitsregimes daardie aspekte van internasionale politiek wat daarop gerig is om veiligheidsbedreigings te verminder, wedersydse vertroue te bevorder en institusionele raamwerke vir gesprekvoering en samewerking te skep. Die postkoueoorlogtydperk word gekenmerk deur die ontbinding van sekere alliansies en die totstandkoming van verskeie nuwe regimes op die gebied van wapenbeheer, vredesondersteuning, verdedigingsbeplanning en sekuriteitsgemeenskappe. Die aard, omvang, rol, praktiese verskyningsvorme, gevolge en ontwikkelingsmoontlikhede van hierdie sekuriteitsregimes op globale en regionale vlak, insluitende Suider-Afrika, word ontleed en verklaar.

Veiligheid- en strategiese teorie 877 (SEC 877)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	MA Veiligheidstudies (Gedoseer) MA Veiligheidstudies (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die evolusie van strategiese denke, die aard en rol van beginsels van strategie en die konsep van strategiese doktrine word ontleed. Die kontemporêre toepassing van die beginsels van strategie word bespreek en postkoueoorlogdenke oor strategie, veiligheid en oorlog word geëvalueer, insluitende die aanwending van nie-militêre dwang soos ekonomiese sanksie.

Metodologie van veiligheidstudies 878 (SEC 878)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	MA Veiligheidstudies (Gedoseer) MA Veiligheidstudies (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud
Deur die gebruik van toepaslike metodologiese benaderings en navorsingsmetodes word geselekteerde aspekte uit verbandhoudende modules in veiligheidstudies op spesifieke veiligheids- of strategiese gevallestudies en vraagstukke van belang toegepas. Benewens die beklemtoning van metodologiese aspekte en geselekteerde navorsingsmetodes, word aandag ook geskenk aan die ontwikkeling, struktuur en skryf van navorsingsverslae op die gebied van veiligheidstudies. Die uitkoms van hierdie module is ’n goedgekeurde navorsingsvoorstel oor ’n veiligheids- of strategiese tema vir die miniverhandeling, wat ook aan etiese riglyne voldoen.

Strategiese intelligensie en vooruitskouing 879 (SEC 879)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	MA Veiligheidstudies (Gedoseer) MA Veiligheidstudies (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud
Nasionale veiligheid is nou verbonde aan bedreigingspersepsie en bedreigingsanalise is weer afhanklik van goeie strategiese intelligensie. Aandag word geskenk aan die kontemporêre teorie en praktyk soverre dit strategiese inteliigensie betref; vraagstukke oor beleid oor, agentskappe vir en beheer oor die intelligensieproses; en die huidige prosesse, fokus, waarde en aanwending van strategiese intelligensie in 'n veranderende wêreld. Strategiese vooruitskouing (met inbegrip van risiko-analise en scenario-konstruksie) word aan bedreigingspersepsie en nasionale veiligheid gekoppel in die mate dat dit 'n belangrike komponent an toekomsbeplanning vorm - derhalwe die studie van die aard, tegnieke, metodiek, en gebruik van strategiese voruitskouing in die veiligheidsomgewing.

Miniverhandeling: Sekuriteitstudies 895 (SEC 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	60.00
Programme	MA Veiligheidstudies (Gedoseer) MA Veiligheidstudies (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud
'n Miniverhandeling, gebaseer op onafhanklike navorsing wat deur die student in die breë veld van sekuriteit gedoen is, word oonder leiding van 'n toesighouer geskryf.

Sepedi vir beginners 110 (SEP 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BRad Diagnostiek BA Geesteswetenskappe BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Sport- en Vryetydstudies Sportafrigtingswetenskap BA Tale BA Verlengde program BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud
*Hierdie module is slegs vir absolute beginners. *Slegs studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe mag hierdie module gedurende semester 2 neem. Alle ander studente moet hierdie module tydens semester 1 neem. Studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe wat reeds oor die taalvaardighede beskik wat in hierdie module onderrig word, mag ’n vrystellingseksamen aflê. Basiese kommunikatiewe vaardighede in Sepedi waarin alledaagse uitdrukkings en gepaste woordeskat met hoë gebruiksfrekwensie figureer, binne bepaalde sosiale situasies

Inleiding tot Sepedi grammatika - Capita Selecta 111 (SEP 111)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00

Programme	BEd Vroeë Kinderontwikkeling- en Grondslagfase BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Sport- en Vryetydstudies Sportafrigtingswetenskap BA Tale BA Verlengde program
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Sepedi aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir sprekers van Sepedi as huistaal of eerste of tweede addisionele taal. Aspekte van die grammatika van Sepedi soos ‘n inleiding tot die woordkategorieë; ‘n inleiding tot die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord; die adjektief; die relatief; die possessief; die werkwoord; skryf- en spelreëls; woordeboeke en woordeboekgebruik; grammatiese ontledings.

Sepedi 120 (SEP 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BEd Vroeë Kinderontwikkeling- en Grondslagfase BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Sport- en Vryetydstudies Sportafrigtingswetenskap BA Tale BA Verlengde program BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 110
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale

Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Sepedi - kommunikasie en grammatika Die verwerwing van meer gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale situasies. Meer uitgebreide woordeskat en meer gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verder verhoog. Skryf- en spelreëls. Woordeboeke en woordeboekgebruik. Lees en begrip van basiese tekste.

Sepedi 210 (SEP 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BEd Vroeë Kinderontwikkeling- en Grondslagfase BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Tale BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 110, SEP 120
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Sepedi - kommunikasie en grammatika Die verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. Sepedi - lees en skryf Die skryf van samehangende, idiomatiese en grammaties korrekte tekste om bepaalde idees en informasie oor te dra vir ‘n aantal geselekteerde kommunikatiewe doeleindes. Skryfwerk sluit sowel kreatiewe as reproduktiewe skryfaktiwiteite in. Lees en begrip van tekste wat ‘n redelik uitgebreide woordeskat en redelik groot verskeidenheid taalstrukture bevat. ‘n Aanvang word gemaak met die lees van relatief eenvoudige literêre werke. Studente word ook verder opgelei in die gebruik van die woordeboek.

Sepedi grammatika - Capita selecta 211 (SEP 211)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00

Programme	BEd Vroeë Kinderontwikkeling- en Grondslagfase BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Tale BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 111, AFT 121
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Sepedi aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Aspekte van die grammatika van Sepedi soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; die struktuur, betekenis en gebruik van die voornaamwoord en die enumeratief; ‘n inleiding tot die Sepedi-klankleer/fonetiek.

Sepedi 220 (SEP 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BEd Vroeë Kinderontwikkeling- en Grondslagfase BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Tale BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 210
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Sepedi - kommunikasie, grammatika, lees en skryf. Die verdere verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word nog verder verhoog. Voortsetting van die skryf van samehangende, idiomatiese en grammaties korrekte tekste om idees en informasie oor te dra vir ‘n verskeidenheid kommunikatiewe doeleindes. Inleiding tot die Sepedi klankleer / fonetiek. Lees en begrip van tekste wat ‘n meer uitgebreide woordeskat en groter verskeidenheid taalstrukture bevat. Die lees van verdere literêre werke.

Sepedi 310 (SEP 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 210, SEP 220 word vereis vir studente wat SEP 110, SEP 120 op jaarvlak 1 voltooi het en SEP 211, AFT 220 word vereis vir studente wat SEP 111, AFT 121 op jaarvlak 1 voltooi het
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Sepedi-grammatika - Capita selecta Aspekte van die grammatika van Sepedi soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; meer intensiewe bestudering van die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord (spesifiek afgeleide naamwoorde) en die werkwoord (spesifiek modale kategorieë en werkwoordagtervoegsels); ‘n inleiding tot die klankveranderinge / fonologie van Sepedi. Die verwerwing, inoefening en inskerping van gevorderde kommunikatiewe vaardighede binne ‘n groter aantal sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Woordeskat en die aanleer en gebruik van gevorderde taalstrukture word verder uitgebrei. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. Aandag word ook aan kulturele verskynsels gegee.

Sepedi letterkunde: Capita selecta 751 (SEP 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Afrikatale BAHons Afrikatale

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Sepedi aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Analise van die basiese kenmerke en struktuur van die verskillende literêre genres in Sepedi: digkuns (tradisioneel en modern), kortverhale, novelles en dramas. Inleiding tot die narratologiese perspektief as instrument vir literêre analise. Word slegs aangebied indien die aantal studente dit regverdig.

Spraakterapie 800 (SKT 800)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MChD Ortodonsie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Sielkunde 110 (SLK 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BOccTher Arbeidsterapie BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde BA Sport- en Vryetydstudies Sportafrigtingswetenskap BA Tale BA Verlengde program BSW Maatskaplike Werk
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week

Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

'n Algemene oriëntering tot die sielkunde. Inleiding tot verskillende teoretiese benaderings in en die ontwikkeling van die sielkunde as wetenskap word behandel. Geselekteerde temas uit die alledaagse lewe word bespreek en met sielkundige beginsels geïntegreer. Hierdie module fokus ook op sentrale persoonlikheidsteorieë. 'n Inleiding tot verskillende paradigmatiese benaderings in die sielkunde word gegee.

Sielkunde 120 (SLK 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BOccTher Arbeidsterapie BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde BA Sport- en Vryetydstudies Sportafrigtingswetenskap BA Tale BA Verlengde program BSW Maatskaplike Werk
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module is ‘n inleiding ten opsigte van ‘n basiese kennis en begrip van die biologiese basis van menslike gedrag. Die module behels die kernkonsepte en terminologie wat met die biologiese subsisteem verband hou, die reëls en beginsels onderliggend aan biologiese sielkunde en die identifisering van verwantskappe tussen verskillende biologiese sisteme en subsisteme. Verskillende kognitiewe prosesse word bestudeer insluitend persepsie, geheue, denke, intelligensie en kreatiwiteit. Verskeie denkprosesse, soos probleemoplossende, krities-analitiese en integrerende denke word geillustreer.

Sielkunde 210 (SLK 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BOccTher Arbeidsterapie BA Geesteswetenskappe BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde BA Tale BSW Maatskaplike Werk
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 110, SLK 120(GS)
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module word menslike ontwikkeling vanaf konsepsie tot adolessensie, asook volwassenheid aan die hand van verskillende teoretiese modelle bespreek. Dit sluit in ontwikkelingsveranderinge ten opsigte van kognitiewe, fisieke, emosionele en sosiale funksionering en die konteks van werk. Tradisionele en kontemporêre teorieë oor menslike ontwikkeling in hierdie fases word bestudeer ten einde die kernvraagstukke wat tydens die kinderjare en volwassenheid relevant is, te verstaan en verklaar.

Sielkunde 220 (SLK 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Geesteswetenskappe BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde BA Tale BSW Maatskaplike Werk
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 110, SLK 120(GS) en RES 210 word aanbeveel
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week

Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

In hierdie module word interpersoonlike en groepprosesse vanuit ‘n sosiaal-sielkundige perspektief bestudeer. Temas wat behandel word, sluit in kommunikasie, prososiale gedrag, sosiale beïnvloeding en oorreding, politieke transformasie, groepgedrag en geweld.

Sielkunde 310 (SLK 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Geesteswetenskappe BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde BSW Maatskaplike Werk
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 210(GS), SLK 220(GS)
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Identifikasie van abnormale gedrag in kinders aan die hand van kennis van normale kinderontwikkeling; inleiding tot die studie van verskeie modelle met betrekking tot abnormale gedrag; verstaan en toepassing van basiese konsept in kinderpsigopatologie. Die module verskaf ook ‘n inleiding tot psigopatologie en simptomatologie van volwasse abnormale gedrag. Terminologie, definisie van abnormale gedrag, probleme met diagnose, etiketering en mites aangaande abnormale gedrag sal bespreek word. Neurose as ‘n spesifieke geestesversteuring word krities bestudeer vanuit ‘n multidimensionele perspektief, insluitend intrapsigiese, interpersoonlike and sosiaal-kulturele verduidelikings.

Sielkunde 320 (SLK 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00

Programme	BA Geesteswetenskappe BA Geesteswetenskappe BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde BSW Maatskaplike Werk
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 310(GS)
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die module ondersoek ‘n gemeenskapsielkundige perspektief op menslike ontwikkeling en sielkundige intervensie en verken die bydrae van verskeie perspektiewe in sielkunde op ‘n kritiese wyse. Die module fokus op temas soos definisies van kernkonsepte, -beginsels en -doelwitte van gemeenskapsielkunde, die rol van die gemeenskapsielkundige asook die impak van vroeë denkraamwerke op kontemporêre perspektiewe. Die implikasies van hierdie idees vir praktiese inisiatiewe wat op geestesgesondheid in gemeenskappe fokus, word bespreek. Die module fokus verder op kritiese sielkunde. Kritiese sielkunde is 'n orientasie teenoor sielkunde wat krities staan teenoor die aannames en praktyke van die hoofstroom. Dit poog om magsvraagstukke aan te spreek soos hul manifesteer in hoofstroomsielkunde. Die fokus is op ondersoeke na hoe die praktyke en teorieë van hoofstroomsielkunde bydra tot hierdie magsvraagstukke wat gemarginaliseerde groepe betrek.

Teorieë en paradigmas 751 (SLK 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde)

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

In hierdie module word vyf oorheersende paradigmas in die sielkunde – (neo) behaviorisme, (neuro) kognitief, psigo-analities, humanisties en ekosistemies – en tipiese teorie wat hieruit voortvloei, bespreek. Die filosofie onderliggend aan hierdie paradigmas en hul teorieë word ontleed, met spesifieke verwysing na modernisme en postmodernisme. Klem word geplaas op die praktiese toepassing van kwantitatiewe en kwalitatiewe teorievorming in die lig van die vyf dominante paradigmas.

Sosiale sielkunde 752 (SLK 752)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Hierdie module handel oor geselekteerde temas uit die sosiale sielkunde, soos sosiale kognisie, houdings en houdingsverandering, oorredingskommunikasie en sosiale beïnvloeding, menslike aggressie, intergroepverhoudings en intergroepkonflik, sosiale identiteitsteorie en die rol van kultuur in menslike gedrag. Hierdie temas word toegepas op praktiese probleme in die kontemporêre Suid-Afrikaanse konteks.

Gemeenskapsielkunde 753 (SLK 753)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Die fokus van hierdie module is op die aard van die gemeenskapsielkunde, teoretiese benaderings, gemeenskapsinstellings, konsultasie, intervensie en effektiewe programontwikkeling en -bestuur. Die beplanning, koördinering en fasilitering van werkswinkels word ook aangebied. Die module bestaan uit twee komponente: ‘n teoretiese gedeelte wat as ‘n verwysingsraamwerk dien en kan help in die ontwikkeling van denke oor gemeenskapsprosesse en praktiese ervaring om sodoende gemeenskapskwessies aan te spreek. Die fokus hier is op behoeftebepaling, ontwerp, implementering en evaluering van intervensies, basiese berading en groepfasiliteringsvaardighede. Die praktiese komponent is gebaseer op gemeenskapsintervensies.

Sielkundige assessering (2) 755 (SLK 755)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Hierdie is ‘n teoretiese module wat handel oor die proses verbonde aan psigometriese evaluering van menslike gedrag binne verskeie kontekste. Dit sluit nie professionele opleiding in om ‘n psigometris te word nie. Die module handel oor onderwerpe soos die multidimensionele aard, oogmerk, en eienskappe van assessering; kritiese kwessies in sielkundige evaluering binne die Suid-Afrikaanse konteks; die redes vir wetlike beheer en etiek van sielkundige evaluering; die geskikte gebruik van verskeie tipes psigometriese en assesseringsmetodes en instrumente; asook die proses van integrasie van evalueringsresultate en verslagskrywing.

Psigopatologie 756 (SLK 756)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde

Voorvereistes	SLK 751
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

Die module handel oor abnormale gedrag en simptomatologie wat met verskillende patologie verband hou, insluitend intrapsigiese, interpersoonlike en sosiokulturele disfunksies. Die DSM IV-klassifikasiestelsel sowel as multidimensionele perspektief word krities bespreek ten opsigte van spesifieke siektetoestande.

Neurosielkunde 760 (SLK 760)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

In hierdie module word die verband tussen gedrag en die funksionering van die brein ondersoek met die doel om begrip te vorm van die aard van komplekse sielkundige prosesse. Die vernaamste aspekte van serebrale disfunksie in neurologiese versteurings, traumatiese breinskade en uitvoerende funksies word bespreek. Verskillende neurosielkundige assesseringstegnieke word ook behandel.

Navorsingsverslag 761 (SLK 761)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

Die navorsingsverslag vir BSocSciHons Sielkunde behels geïntegreerde assessering van alle leerareas wat in hierdie program aangebied word. Studente moet ‘n navorsingsverslag skryf oor goedgekeurde onderwerp in die spesifieke konteks wat as keusekomponente geselekteer is en wat aan al die vereistes wat deur die programbestuurder gestel word, voldoen.

Kognitiewe sielkunde 762 (SLK 762)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).

Hierdie module behels intermediêre, goed-gevormde en sistematiese kennis en begrip van kognitiewe prosesse ten einde bewese oplossings vir kernvraagstukke in die kognitiewe sielkunde aan te bied. Die module sluit onder andere die evaluering van resente akademiese debatte en diskoerse in kognitiewe sielkunde, analise van kontemporêre kontekste en ‘n kritiese evaluering van kernvraagstukke wat met kognitiewe sielkunde verband hou, in.

Navorsingsmetodologie 764 (SLK 764)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BSocSciHons Sielkunde BSocSciHons Sielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde

Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

The focus is on knowledge and skills necessary to understand the empirical research process as applied in psychology. The following aspects are included: theoretical and epistemological assumptions in psychological research, problem and hypothesis formulation, basics of measurement, control in research, threats to validity, and research designs. The module also incorporates statistical methods applicable in research as well as skills necessary to analyse qualitative data all of which is aimed at providing students with greater skills within the realm of research.

Persoonlikheidsielkunde 765 (SLK 765)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).

In this module a wide range of personality theories as well as a study of on human functioning in the South African context is studied. The aim of the module is to teach conception of the implications of various personality theories for human functioning. The applications are relevant in therapeutic and counselling contexts, as well as for our understanding of human functioning in everyday life. Themes pertaining to relevant current societal issues form the focus of the practical application of the module.

Terapeutiese sielkunde 766 (SLK 766)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

*Closed – BSocSciHons in Psychology only.
This module introduces students to various postmodern approaches and ethical issues. In addition, upon completion of the module, students should have acquired an in-depth knowledge of a specific therapeutic approach of their choice and demonstrate these approaches can be used to intervene at the, individual, family and community level.

Ontwikkelingsielkunde 767 (SLK 767)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).
*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
The module deals with the study of human development over the entire life span. Developmental Psychology supplies important background information for students who would like to become clinical or counselling psychologists. Knowledge gained by studying developmental psychology is also most valuable for parents, teachers, social workers as well as people in the health professions and in the business world or industry.

Fundamentele sielkunde 801 (SLK 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer) MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer)
Voorvereistes	DS (MA Voorligtingsielkunde)
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Departementele keuring - slegs vir MA: Voorligtingsielkunde. In hierdie module sal studente die fundamentele beginsels onderliggend aan menslike gedrag leer. Hierdie module behels temas wat onder andere met die volgende verband hou: ontwikkelingsielkunde, persoonlikheidsielkunde, neurosielkunde, sosiale sielkunde, psigopatologie en professionele praktyk.

Voorligtingsielkunde 802 (SLK 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer) MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer)
Voorvereistes	DS (MA Voorligtingsielkunde)
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Departementele keuring - slegs vir MA: Voorligtingsielkunde. In hierdie module sal studente leer hoe om terapeutiese werk te doen, wat hulle in staat sal stel om die rol van ‘n terapeut te vertolk.

Gemeenskapsielkunde 804 (SLK 804)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer) MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer)
Voorvereistes	DS (MA Voorligtingsielkunde)
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Departementele keuring - slegs vir MA: Voorligtingsielkunde. In hierdie module sal studente leer hoe om sielkundige programme in sosiale gemeenskappe te ontwikkel en te implementeer (bv lewensvaardigheids-programme) ten einde hulle in staat te stel om die rol van ‘n gemeenskapskonsultant te vertolk.

Sportsielkunde 805 (SLK 805)

Kwalifikasie	Nagraads

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	DS (MA Voorligligtingsielkunde)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Departementele keuring - slegs vir MA: Voorligtingsielkunde. In hierdie module sal studente vaardighede ontwikkel om sielkundige programme binne verskillende sportgemeenskappe te ontwikkel en te implementeer ten einde hulle in staat te stel om die rol van ‘n sportkonsultant te vertolk.

Sielkundige assessering 806 (SLK 806)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer) MA Voorligtingsielkunde (Gedoseer)
Voorvereistes	DS (MA Voorligtingsielkunde)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Departementele keuring - slegs vir MA: Voorligtingsielkunde. Hierdie module fokus op die afneem, merk en interpretasie van sielkundige assesseringstegnieke in verskeie kontekste. Die skryf van 'n verslag met betrekking tot die resultate wat verkry is deur middel van 'n assessering, geniet ook aandag.

Verhandeling: Sielkunde 890 (SLK 890)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	180.00
Programme	MA Sielkunde MA Sielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Proefskrif: Sielkunde 990 (SLK 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	360.00
Programme	PhD Sielkunde PhD Sielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

'n Doktorale navorsingsproefskrif onder leiding van ‘n senior navorser of dosent word van die student verwag. Die essensie van die proefskrif is om ‘n bydrae tot die sosiale wetenskappe en die sielkunde in die besonder te lewer en studente moet toon dat hulle in staat is om onafhanklike navorsing te doen.

Fundamentele anatomie 151 (SMC 151)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Oriëntasie en terminologie, beenagtige weefsel en skeletale strukture, aksiale skelet, appendikulêre skelet, en kardiorespiratoriese sisteem.

Fundamentele fisiologie 152 (SMC 152)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud
*Geslote – vereis departementele keuring Die sel, bio-energie, spiersametrekking, en respirasie.

Fundamentele biomeganika 153 (SMC 153)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud
*Geslote – vereis departementele keuring Die module fokus op die biomeganiese beginsels betrokke by menslike voortbeweging en sportaktiwiteite. Dit behels 'n studie en ontleding van die vorme van menslike beweging, liniêre en hoekkinetika , en vloeistofmeganika.

Sport vir die gestremde 154 (SMC 154)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud
*Geslote – vereis departementele keuring Definisies, kategorieë, fisiologiese evaluasie en oefenprogramme.

Toegepaste kinesiologie 251 (SMC 251)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	SMC 151
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Biomeganika en spieranatomie, klasse van hefbome, strukturele kinesiologie, sentrale senuweesisteem en perifere senuweesisteem.

Toegepaste fisiologie 252 (SMC 252)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	SMC 152
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Suurbasis-ewewig, termoregulering, hipo- en hiperbaria, faktore wat prestasie beïnvloed, oefeningmetabolisme.

Toegepaste biomeganika 253 (SMC 253)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	SMC 153
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Die module fokus op die biomeganiese beginsels betrokke by menslike voortbeweging en sportaktiwiteite. Dit behels 'n studie van liniêre en hoekkinetika en die biomeganiese beginsels van die liggaam se beenstelsel en gewrigte.

Sportspesifieke assessering 351 (SMC 351)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies

Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Sportspesifieke toetsprotokolle, SISA-toetsprotokolle.

Toegepaste fisiologie 352 (SMC 352)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Inagneming van omgewing, kardiovaskulêre fisiologie; voeding, liggaamsamestelling en prestasie.

Verbode middels 353 (SMC 353)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	SMC 252
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Die geskiedenis en etiese kwessies rondo verbode middels. Die soorte vebode middels, metodes van oortreding en toetsprosedures vir die gebruik daarvan.

Grondbeginsels vir sportbemarking en entrepreneurskap 151 (SMS 151)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Inleiding tot die sportindustrie, bemarking, sportbemarking, sportbemarkingsbestuursmodel, sportbemarkingsplan, sportentrepreneurskap, sportmarksegmentasie en -inligting.

Sportbestuur (2) 153 (SMS 153)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Toepaslike navorsings- en beplanningstrategieë in sport en rekreasie, generering van inkomste in sport en rekreasie, die bestuur van menslike hulpbronne in sport en rekreasie, inligtingsisteme, eietydse besigheidsvaardighede in sport en rekreasie.

Kommunikasie in sport (1) 154 (SMS 154)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring.
Korrekte taalgebruik, protokolvaardighede en -kennis, toespraaktegnieke, leiding en organisering van ‘n vergadering, luister-, lees- en skryfvaardighede.

Sportbemarking 251 (SMS 251)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring.
Die mengsel in die sportmark en die sportindustrie. Die sportproduk: prysstrategieë vir sport, verspreiding in die sportindustrie, en promosie in die sportindustrie. Promosiemetodes.

Fasiliteitbestuur 252 (SMS 252)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Behoeftebepaling, uitvoerbaarheid en volhoubaarheid van sport- en rekreasiefasiliteite. Bedryf van fasiliteite: beplanning, ontwerp, onderhoud, risiko, bemarking, reklame.

Byeenkomsbestuur 253 (SMS 253)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Beplanning, organisering, logistiek en bestuur van byeenkomste, en ook byeenkomsimpak.

Kommunikasie in sport (2) 254 (SMS 254)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud
*Geslote – vereis departementele keuring.
Dinamiese kommunikasie, skakelwerk, uitvoer van ‘n onderhoud, televisie- en media-optrede.

Finansiële bestuur in sport 352 (SMS 352)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Ontleding van finansiële state, kapitaalbegroting en finansiële vooruitskattings. Visioenêre finansiële bestuur in sport.

Menslikehulpbronbestuur in sport 353 (SMS 353)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Rol van menslikehulpbronbestuurder, definieer doelwitte en beleid, ontwikkel ‘n menslikehulpbronplan, raadgewing en opleiding van personeel. Konflikhantering, onderhandeling, bestuur verandering, personeelkeuring en prestasiebepaling. Organisatoriese kultuur in SA, toegepas in die sportindustrie.

Sport en ekonomie 354 (SMS 354)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies

Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Verskyning van korporatiewe sport, die professionele sporteienaar, grootte en voordeligheid van die professionele sportindustrie. Finansiering van sportfasiliteite, die koste van eienaarskap, en sport as monopolie.

Sosiologie 110 (SOC 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BTh BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Tale BA Verlengde program BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSW Maatskaplike Werk BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Deel 1: Die individu en die samelewing
'n Inleiding tot sosiologie en die klassike sosiologiese paradigma en die beginsels van die sosiologiese navorsingsmetodes.

Deel 2: Die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse orde

Hierdie afdeling ondersoek sleutelfaktore wat tot die totstandkoming en vorming van die kontemporêre Suid-Afrikaanse sosiale orde aanleiding gegee het en skenk oorweging aan die sosiologiese implikasies hiervan. Studente word bekendgestel aan die politieke ekonomie van Suid-Afrika, met klem op die aard van die Suid-Afrikaanse industrialiseringsproses, proletariaatvorming, en die instelling van die trekarbeidstelsel. Hierbenewens word die rassestaat, die fondamente van hierdie staat se sosiale projek, sowel as die ruimtelike vorm van Suid-Afrika se 20ste-eeuse rassemoderniteit onder die loep geneem.

Sosiologie 120 (SOC 120)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	12.00
Programme	BTh BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Tale BA Verlengde program BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSW Maatskaplike Werk BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Deel 1: Die sosiologie van instellings
Die sosiale dinamiek van samelewingsinstellings soos die gesin, die staat, die ekonomie, godsdiens, onderwys, en burgerlike samelewing met ’n spesifieke fokus op die Suider-Afrikaanse problematiek word in hierdie afdeling behandel.

Deel 2: Sosiale stratifisering: Ras, klas en gender
Die aard en dinamiek van sosiale stratifisering en ongelykheid sal ondersoek word. Ras, gender en klas is die fokuspunte van die afdeling. Die Suid-Afrikaanse ervaring word beklemtoon.

Sosiologie 210 (SOC 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Tale BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSW Maatskaplike Werk BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
*Studente moet al die komponente van hierdie module slaag om tot die volgende jaarvlak bevorder te word. Basiese speltegnieke word ondersoek. Aspekte van self, ander en ruimte word verken en toegepas by wyse van speloefeninge, teaterspeletjies, improvisasie en interpretasie van toepaslike materiaal. Die beginsels van storievertel/narratief/toneelskepping/konstruksie en interpretasie/herskepping word verken.
Die module sal ervaringgedrewe somatiese beginsels vir die akteur bekendstel. Studente sal omgaan met die hoekstene van stem/liggaam integrasie wat veilige, interaktiewe en verhoogde gebruik van liggaam en stem tydens optrede daar sal stel. Studente sal hierdie hoekstene aanwend in dissipline-spesifieke vaardigheidsopleiding, asook vir optrede, insluitende toneelspel.

Teaterstudies: Praxis 200 (TNP 200)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	SBP 200
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama

Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BA(Drama)-studente *Moet saam met SBP 200 geneem word Rolspel en beliggaming Speltegnieke word ondersoek en geplaas binne geselekteerde modaliteite van optrede gekoppel aan die nosies van rolspel en beliggaming. Verskillende teaterpraktyke, waaronder dié van Brecht en Shakespeare, word ondersoek. Realisme in optrede Speltegnieke wat verband hou met Realisme in optrede word verken en toegepas by wyse van speloefeninge, improvisasie en interpretasie van toepaslike materiaal. Die teorieë van Stanislavski ondersteun die verkenning.

Optredestudies: Praxis 210 (TNP 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BDram BDram
Voorvereistes	TNP 110 + DS
Kontaktyd	Sestien keer per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
*Studente moet al die komponente van hierdie module slaag om tot die volgende jaarvlak bevorder te word.
Rolspel en beliggaming
Speltegnieke word ondersoek en geplaas binne geselekteerde modaliteite van optrede gekoppel aan die nosies van rolspel en beliggaming en sal toegepas word by wyse van speloefeninge, improvisasie en interpretasie van toepaslike materiaal.
Studente sal somatiese beginsels tot verskeie modaliteite van optrede toepas, wat verhoogde gebruik van liggaam en stem binne die konteks van dissipline-spesifieke opleidings-vaardighede sal behels.
Hierdie module sal die ontwikkeling van fisiese en vokale dinamika van uitdrukking en kommunikasie gedurende optrede fasiliteer.

Teaterstudies: Praksis 300 (TNP 300)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	SBP 300
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BA (Drama)-studente *Moet saam met SBP 300 geneem word Lewendige optrede en tegniese optrede Hierdie module benut die nosies van skepping, waardering en uitvoering om geselekteerde modaliteite van kontemporêre lewendige teateroptredes sowel as optrede vir die tegniese media te ondersoek.

Optredestudies: Praxis 310 (TNP 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	40.00
Programme	BDram BDram
Voorvereistes	TNP 210+DS
Kontaktyd	Twintig keer per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
*Studente moet al die komponente van hierdie module slaag om tot die volgende jaarvlak bevorder te word
Lewende optrede en digitale optrede
Hierdie module benut die nosies van skepping, waardering en uitvoering om geselekteerde modaliteite van kontemporêre lewende teateroptredes sowel as optrede vir die digitale media te ondersoek.
Hierdie module bied verder dissipline-spesifieke vaardigheidsopleiding in verhouding tot geselekteerde stem- en liggaambewegingspedagogieke, binne die konteks van skepping, waardering en optrede. Studente moet twee van die vier beskikbare vaardigheidsopleidings-
opsies kies (fisiese teater/dans; sangstem; teaterstem; beweging vir die akteur) in oorleg met die dosente.
Hierdie module konsolideer die konseptuele, vokale en fisiese vaardighede wat in die vorige twee jaar verwerf is en fokus op die toepassing van verhoogde liggaamlikheid en vokaliteit tydens optrede.
NOTA:
? Studente moet hul TNP 310-praxiskeuses belyn met hul keuses in elk van die derdejaar teorie modules
? Keuses binne TNP 310 is:
o Optrede (Toneelspel)
o Teaterstem
o Sangstem
o Beweging vir die akteur
o Fisiese teater en dans
o Digitale media
o Regie
o Skryf vir die verhoog en film
o Musiekteater (musikale teater en kabaret)
o Radio
o Kameraspel
Studente wat die Dramadepartement se honneursprogram wil volg, moet die volgende in gedagte hou:
o DRA 702 (Optredestudies) benodig Optrede (Toneelspel), Teaterstem en Beweging vir die akteur as voorvereistes
o DRA 705 (Fisiese teater) benodig Optrede (Toneelspel), Bewegingsteater en Teaterstem as voorvereistes
o Musiekteater benodig Fisiese teater en dans, Optrede (Toneelspel) en Sangstem as voorvereistes
o Kabaret benodig Optrede (Toneelspel), Beweging vir die akteur en Sangstem (TNT 211 en TNT 311 [Regie] sal in jou guns tel)

Teaterkunde: Teorie 111 (TNT 111)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BDram BDram
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
Uitvoerendekunstebestuur
In hierdie module sal die student bekendgestel word aan die huidige stand van die uitvoerende kunste in Suid-Afrika. Die woordeskat en tegniese aspekte van teater sal ondersoek word. Dit sluit in die prosesse wat gepaard gaan met die skepping en uitvoering van teaterproduksies. Die klem val op die wyses waarop die kreatiewe visie van die regisseur ondersteun en uitgevoer word om sodoende die estetiese kwaliteit en konseptuele omraming van die produksie te bevorder en te konsolideer. Die vaardighede en verantwoordelikhede van die tegniese en kreatiewe teaterpraktisyns word in konteks geplaas.

Teaterkunde: Teorie 122 (TNT 122)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BDram BDram
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
Teater- en optredestudies
In hierdie module verken studente die fundamentele beginsels van rolspel en die noodsaaklike kenmerke word geïdentifiseer en beskryf. Die omlyning van ?n rolspel in verskeie sosiale, kulturele en politiese arenas en die strategieë wat aangewend word, vorm die vertrekpunt van hierdie ondersoek. Studente leer die vaardigheid om riglyne te put uit die dualiteit van die teks sowel as die lewe gedurende die proses van karakterontwikkeling.

Teaterkunde: Teorie 210 (TNT 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie module bied ’n keuse tussen Toegepaste teater en Teater as gekonstrueerde ruimte Toegepaste teater Die ondersoek na ?n uitgebreide stelsel van teaterpraktyke, deelnemende en kreatiewe prosesse en teater metodologiese benaderinge in ?n verskeidenheid van sosiaal-kulturele en opvoedkundige arenas om ?n medium van kommunikasie daar te stel om aksie, refleksie en transformasie te bewerkstellig. Die module kulmineer in praktiese toegepaste teaterprogramme. of Teater as gekonstrueerde ruimte Hierdie module ontleed geselekteerde teatertekste en die skep van ?n visuele interpretasie daarvan vir die regisseur deur middel van elemente van dekorontwerp, twee- en drie-dimensionele ontwerp, voorstudies, dekormodelle en -sketse. ?n Kruiskulturele en kruishistoriese studie van opvoerruimtes asook verskeie benaderings tot eietydse opvoerings is onderliggend aan hierdie studie.

Teaterkunde: Teorie 211 (TNT 211)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BDram BDram
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
Regie
Studente sal regie ondersoek in terme van die rituele benadering tot regie en spel as fisiese selfekspressie, teenoor rolspel as ?n verteenwoordigende benadering tot regie en spel. Die doel van die module is om die dinamiese posisie van die regisseur te konseptualiseer in die toepassing van ?n multidimensionele benadering tot die proses van regie.

Teaterkunde: Teorie 220 (TNT 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Rolspel en ritueel: regie en optrede Die module ondersoek die dinamiese posisie van die regisseur ten opsigte van die strukturele proses van rolspel en ritueel in ‘n sosiaal-politiese konteks. Die module ontwikkel in ‘n dialoog tussen die akteur se betrokkenheid en distansiëring (vervreemding) met betrekking tot die beliggaming van rolspel en ritueel.

Teaterkunde: Teorie 222 (TNT 222)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BDram BDram
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
Toegepaste teater
Die module ondersoek die gebruik van teater as metodologie en deelnemende praktyk in ?n verskeidenheid sosiokulturele en opvoedkundige kontekste. Die module benader toegepaste teater as ?n medium van kommunikasie wat aksie, refleksie en transformasie bewerkstellig. Die module kulmineer in ?n prakties-toegepaste teaterprogram.

Teaterkunde: Teorie 310 (TNT 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	TNT 210
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie module bied ’n keuse tussen Toegepaste drama en Teater en gekonstrueerde identiteite Toegepaste drama Die module verken die gebruik van drama as metodologie in opvoedkundige en gemeenskapskontekste. Elemente van drama en estetiese prosesse word aangewend as instrument vir onderrig en leer oor kurrikulum-areas heen. Die wisselwerking tussen toegepaste teater en toegepaste drama word ondersoek. Die module kulmineer in praktiese projekte. of Teater en gekonstrueerde identiteite Die ontleding van die geselekteerde teater-tekste en die skep van ?n visuele interpretasie daarvan vir die regisseur deur middel van elemente van kostuum- en grimeringsontwerp. Die wisselwerking tussen die gekonstrueerde ruimte (TNT 210) en identiteite sal in die lig van verskillende denkraamwerke en modaliteite van optrede ondersoek word.

Teaterkunde: Teorie 311 (TNT 311)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BDram BDram
Voorvereistes	TNT 211 of TNT 222
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
*Hierdie module bied ’n keuse tussen Toegepaste drama en Intermediêre regie.
Toegepaste drama
Hierdie module ondersoek die gebruik van drama as metodologie in opvoedkundige, gemeenskaps- en bedryfskontekste. Die interverwantskap tussen drama en teater sal ondersoek word. Die module kulmineer in ?n praktiese projek.
of
Intermediêre regie (nuut)
Hierdie module ondersoek die nosies van konsep, ruimte, styl, metode en estetika om praxis in regie te bevorder. Die module beoog om konseptualiseringsvaardighede te bevorder en verwys na kontemporêre benaderings tot regie om die praxis van regie te bevorder. Die module bied verder die geleentheid om ?n eiesoortige benadering tot regie en ?n regiestyl te begin ontwikkel deur die studie van kontemporêre regiemetodes en konsepte. Die module kulmineer in ?n kort regietoneel.

Teaterkunde: Teorie 320 (TNT 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Uitvoerendekunstebestuur en kulturele geheue Studente maak kennis met bedryfsbeginsels soos: bestuur van teaterruimte; geleentheidsbestuur en die reg; beginsels van NRG's en vestiging van besighede, uitvoering van kontraktereg; begroting en finansiële rekordhouding; bemarkingstrategieë; skryf van evalueringsverslae en beroepsgeleenthede. Die verband tussen uitvoerende kunste, toerisme en erfenis en die impak hiervan op ekonomiese, politieke, sosiale, kulturele, opvoedkundige, ekologiese en estetiese terreine word behandel.

Teaterkunde: Teorie 322 (TNT 322)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BDram BDram
Voorvereistes	TNT 111 of TNT 122
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
*Hierdie module bied 'n keuse tussen Intermediêre uitvoerendekunstebestuur en Intermediêre teater- en optredestudies
Intermediêre uitvoerendekunstebestuur: produksiebestuur en bestuur van die kunstenaar
Onderhewig aan voortdurende vloei en verandering, sal die huidige stand van die uitvoerende kunste in Suid-Afrika (soos ingelui in TNT 111) in hierdie module heroorweeg word. Aspekte van produksiebestuur ten opsigte van organisasie en administrasie sal ondersoek word. Dit sluit onder andere in: die opstel en skryf van voorstelle en begrotings vir produksies/optredes. Om studente te bemagtig om ?n loopbaan in die industrie daar te stel, sal hulle kennis maak met die nosie om die self/kunstenaar as ?n produk en besigheid te bestuur. Dit sluit, onder meer, die bedinging van kontrakte in, samestelling van CV?s en portfolio?s, asook voorbereiding vir onderhoude en oudisies (in samehang met TNP 310).
of
Intermediêre teater- en optredestudies
In hierdie module sal studente ?n kritiese ondersoek instel na geselekteerde westerse en nie-westerse teorieë, paradigmas en praktyke van opleiding vir die akteur en uitvoerende kunstenaar, met spesiale fokus op beliggaming deur die kunstenaar. Die werk van deurslaggewende hedendaagse praktisyns sal ondersoek word om te bepaal hoe hulle benaderings en sisteme verband hou met tradisies van optrede, en hoe hulle ons persepsie en waarneming van die kunstenaar se liggaam/instrument in hedendaagse optredes verander het.

Ekwivalensie in vertaling 251 (TRL 251)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	TRL 151
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Vertaling in enige twee tale in die Skool vir Tale, mits die spesifieke taalkombinasie gedurende die betrokke jaar geakkommodeer kan word. Ekwivalensie op woordvlak en bokant woordvlak. Ekwivalensie op teksvlak. Probleme met die verkryging van ekwivalensie in 'n verskeidenheid tipes tekste. Praktiese vertaalwerk.

Navorsing 700 (TRL 700)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Vakkundige navorsing oor vertaling en tolking as vakgebied: onderwerpe, navorsingsraamwerke en -benaderings, metodologieë. Die skryf en voorlegging van 'n navorsingsessay oor 'n goedgekeurde onderwerp.

Vertaalbeginsels en -tegnieke 710 (TRL 710)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Slegs vir studente wat geen modules in vertaling op voorgraadse vlak gedoen het nie Basiese vertaalvaardighede soos brontaalteksanalise, vertaalmetodes en vertaalhulpmiddels. Vertaling in meertalige en multikulturele spraakgemeenskap soos Suid-Afrika. Ekwivalensie op woordvlak en bokant woordvlak. Probleme met die verkryging van ekwivalensie in verskeidenheid tipes tekste. Vertaling en taalvariasies soos dialekte, kodewisseling, sosiolekte, ens. Vertaling van kultuurgebonde tekste. Praktiese vertaalwerk van verskeidenheid tipes tekste van beperkte omvang in enige twee tale aangebied deur die Taaldepartemente, mits die spesifieke taalkombinasie in daardie spesifieke jaar geakkommodeer kan word.

MTT in vertaalpraktyk (1) 711 (TRL 711)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module fokus op die gebruik en toepassing van menslike taaltegnologie (MTT) in die vertaalpraktyk. Onderwerpe soos die volgende word bespreek: Lokalisering, internasionalisering en globalisering. Vertaling en taaltegnologie. Inleiding tot die gebruik van rekenaargesteunde vertaalhulpmiddels (computer-assisted translation (CAT) tools – translation memory (TM) en terminology management). Masjienvertaling (MT). Die gebruik van elektroniese taalkorpusse as vertaalhulpbron, vertaalhulpmiddel en vertalersgereedskap, met spesifieke verwysing na tegniese vertaling, die myn van vertaalekwivalente en die verkryging van vertaalekwivalente vir terme wat nie in die doeltaal bestaan nie deur gebruik te maak van alle beskikbare elektroniese hulpbronne, maar ook van termskeppingstrategieë, die raadpleeg van vakspesialiste, die gebruik van die Internet as "raadgewende spesialis", ens. Praktiese vertaalwerk van 'n groter verskeidenheid tipes tekste in enige twee tale aangebied deur die Skool vir Taaldepartemente, mits die spesifieke taalkombinasie in daardie spesifieke jaar geakkommodeer kan word.

Beginsels van Tolking 712 (TRL 712)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Voorvereistes	Aanbeveel: FRN 752, FRN 762, TRL 710, TRL 711

Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Studente wat 'n BA-graad met enige taal wat by UP aangebied word as hoofvak geslaag het mag TRL 712 neem. Toelating vir ander studente wat 'n soortgelyke graad behaal het is onderhewig aan mondelinge eksamen. Studente met ander tale as wat by UP op honneursvlak aangebied word, sal ook in aanmerking geneem word. Hierdie module lê die grondslag van teoretiese aspekte en basiese vaardighede wat vir mondelinge vertaling vereis word en wat op MA-vlak gekonsolideer word. Lesings is gerig op die teorie en praktyk van verskeie tolkingstegnieke, onder meer memoriseringsoefeninge, mondelinge samevattings, sigvertalings en herbewoording van mondelinge tekste en toesprake, asook die praktyk van liaison-tolking. Studente sal vir sekere lesings in kleiner groepe opgedeel word na gelang van hul taalkeuses, wat naas Engels enige taal/tale wat op BAHons-vlak aangebied word mag wees. Na afloop van hierdie module sal studente mondelinge eksamen aflê om hulle bemeestering van hierdie tegnieke te toets.

Oudiovisuele vertaling: Onderskrifskepping 713 (TRL 713)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die teorie en praktyk van oudiovisuele vertaling (skermvertaling), met 'n spesifieke fokus op onderskrifskepping (Engels "subtitling"). Oudiovisuele vertaling en onderskrifskepping in Suid-Afrika. Praktiese opleiding in die gebruik van basiese professionele sagtewarepakket vir die skep van onderskrifte. Die voltooiing van aantal projekte gemoeid met die skep van onderskrifte in studente se eie taalkombinasies.

Literêre vertaling 751 (TRL 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Kontaktyd	1 lesing per week

Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Inleiding tot fundamentele teorieë oor literêre vertaling: (vergelykende) analise van gepubliseerde vertalings (bronteks in verhouding tot doelteks, asook meerder vertalings van dieselfde bronteks); strategieë vir literêre vertaling; bronteksontleding; aspekte van register en kultuur; praktiese vertaling (korter prosatekste, asook toepaslike kinderliteratuur).

Literêre vertaling (2) 800 (TRL 800)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Kontemporêre teorieë en eietydse ontwikkelings op die terrein van literêre vertaling; verskeie benaderings tot literêre vertaling; historiese, konteksteule en linguistiese faktore wat van belang is in literêre vertaling; gevorderde praktiese vertaling van tekste met genre-spesifieke en/of kultuurspesifieke eienskappe (naas prosa, ook poësie, lirieke, drama).

Oudiovisuele vertaling (2) 801 (TRL 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Teoretiese agtergrond tot eietydse internasionale tendense in oudiovisuele vertaling, spesifiek met betrekking tot onderskrifskepping. Toepassing van hierdie beginsels in Suid-Afrika as 'n veeltalige ontwikkelende land. Gevorderde praktiese opleiding in die gebruik van professionele sagteware vir onderskrifskepping. Skep van onderskrifte vir 'n aantal vollengte plaaslike en internasionale tekste in verskillende genres, in elke student se eie taalkombinasie.

Kopieskryf (2) 802 (TRL 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Navorsing oor drie handelsmerke in drie verskillende kategorieë: maatskaplike bewustheid, kleinhandel en 'n persoonlike handelsmerk. Skryf 'n kreatiewe strategie vir elk van die gekose handelsmerke. Ontwikkel drie veldtogte met vyf kommunikasies elk; die media wat gebruik word, sal afhang van die strategie, die handelsmerk, die doelgehoor/teikenmark en kommunikatiewe oogmerke. Stel 'n kopieportefeulje wat geskik is om aan die bedryf voor te lê op grond van die voorafgenoemde saam.

Staatsbestuur, regte, ekonomie en kultuur 803 (TRL 803)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Grondbeginsels van staatsbestuur, politiek, regte en ekonomie (sowel algemene beginsels as beginsels eie aan brontaal- en doeltaalgemeenskappe en state). Oriëntering met betrekking tot wêreldbeskouing. Kultuurspesifieke eienskappe met betrekking tot die gekose taalkombinasie. Konteks, gepastheid, en noodsaaklike kennis wat relevant is vir vertaling en, veral vir tolking.

MTT in vertaalpraktyk (2) 810 (TRL 810)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Afrikatale (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Gevorderde vertaalbeginsels en -praktyk. Toepassing deur studente van hul kennis van die gebruik van menslike taaltegnologie (MTT) in die vertaalpraktyk. Spesialisering in verskillende tipes vertaling soos onder andere tegniese vertaling, regsvertaling, literêre vertaling (prosa en/of poësie), administratiewe vertaling (diensprosa), vertaling van advertensies, ens. In oorlegpleging met die dosent, spesialiseer die student in een of meer van hierdie vertaalterreine, in enige twee tale aangebied deur die Taaldepartemente mits die spesifieke taalkombinasie in daardie spesifieke jaar geakkommodeer kan word. Waar moontlik word praktiserende vertalers wat in verskillende tipes vertaling spesialiseer, by die module betrek.

Tolking: Inleiding 811 (TRL 811)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Afrikatale (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Studente word ook sterk aanbeveel om voorgraadse modules uit die programme in politieke wetenskappe en internasionale studies programme vir niegraaddoeleindes te neem.
Inleiding tot die tolpraktyk
Hierdie eerstesemestermodule dien as inleiding tot die vaardighede wat vir mondelinge vertaling vereis word. Lesings is gerig op die teorie en praktyk van verskeie tolkingstegnieke, onder meer mondelinge samevattings, sigvertalings en herbewoording van mondelinge tekste en toesprake, asook die praktyk van liaison-tolking in professionele situasies. Afhangende van die studente se taalkeuses, wat bo en behalwe Engels enige taal/tale wat op MA-vlak aangebied word mag insluit, sal hulle vir sekere lesings in kleiner groepe opgedeel word. Na afloop van hierdie module sal studente 'n mondelinge eksamen aflê om hulle bemeestering van hierdie tegnieke te toets.

Konsekutiewe tolking 812 (TRL 812)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Afrikatale (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Voorvereistes	TRL 811
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Studente wat die TRL 811 module geslaag het, mag in die tweede semester in tolking spesialiseer. Hierdie tweedesemestermodule is op die tegniek van professionele konsekutiewe tolking toegespits. Die module sluit beide gesamentlike lesings in Engels en praktiese groepsessies in, afhangende van die studente se taalkeuses. Mondelinge eksamen sal na afloop van hierdie module studente se bemeestering van hierdie tegniek toets.

Simultaantolking 813 (TRL 813)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Afrikatale (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Voorvereistes	TRL 811 en TRL 812
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Studente wat in tolking spesialiseer mag hierdie module neem indien hulle die module TRL 812 geslaag het.

Lesings is op die teorie en praktyk van simultaantolking (konferensietolking) van mondelinge tekste en toesprake gerig. Hierdie tegniek word deur middel van verskeie oefeninge bemeester en praktiese oefeninge (in die student se gekose taalkombinasie) in die tolkingshokkie sluit die module af. Studente sal deur mondeling eksamen na afloop van die module geëvalueer word.

Hoftolking 814 (TRL 814)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Voorvereistes	TRL 811
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module beoog om studente die vaardighede wat vir hoftolking benodig word, aan te leer. Lesings sal beide teoretiese aspekte en die praktyk van hoftolking insluit, asook etiese aspekte rakende die beroep dek. Buiten die kontak lesingsure sal studente in kleiner groepe opgedeel word, afhangende van hulle taalkeuses, wat bo en behalwe Engels enige taal/tale wat op honneursvlak aangebied word, mag insluit. Na afloop van hierdie module sal studente ’n mondelinge eksamen aflê om hulle bemeestering van hierdie vaardighede te evalueer.

Vertaalteorie 851 (TRL 851)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Afrikatale (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale

Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie module is verpligtend vir studente wat beplan om in die miniverhandeling op vertaling te foukus. Studie van die belangrikste eienskappe van, en vergelyking tussen, verskillende vertaalmodelle, soos teksgeoriënteerde, funksionele, prosesgesentreerde en resepsiegebaseerde vertaalmodelle. Die verskuiwing vanaf voorskriftelike teorieë na deskriptiewe/beskrywende werkswyse binne die studieveld van vertaling. Korpus-gebaseerde vertaalkunde (corpus-based translation ctudies) (CTS): teorie en praktyk; die gebruik en toepassing van menslike taaltegnologie (MTT) in CTS.

Miniverhandeling: Vertaling en tolking 895 (TRL 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	100.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer) MA Toegepaste Taalstudie Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die miniverhandeling moet die resultaat wees van onafhanklike navorsing oor vertaling en/of tolking. Benewens die analise en interpretasie van navorsingsresultate, moet die miniverhandeling ook omvattende literatuurstudie en sintese van bestaande beskouinge rakende die spesifieke onderwerp soos weerspieël in die literatuur, bevat. Lengte: 18 000-20 000 woorde/ongeveer 80-100 getikte bladsye.

Akademiese skryfvaardigheid 751 (TTS 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BMusHons BMusHons
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Akademiese skryfwerk en basiese navorsingsmetodologie vir taalstudente, insluitende beplanning van tydsraamwerk, analise en interpretasie van ‘n navorsingsonderwerp, gebruik van primêre en sekondêre bronne, organisering van inligting en navorsingsresultate in samehangende en logiese geheel. Tegniese en etiese aspekte van navorsing word ook aangespreek.

Verhandeling: Toegepaste taalstudie 890 (TTS 890)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	180.00
Programme	MA Toegepaste Taalstudie MA Toegepaste Taalstudie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die student moet in ‘n navorsingsverslag van ongeveer 60 000 woorde (120 bladsye) bewys lewer van sy/haar vermoë om wetenskaplike ondersoek te beplan en uit te voer oor goedgekeurde tema op die terrein van taalpraktyk.

Miniverhandeling: Toegepaste taalstudie 895 (TTS 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	60.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die miniverhandeling moet die resultaat van onafhanklike navorsing oor een van die volgende onderwerpe wees: leksikografie, teks- of dokumentontwerp, tegniese en professionele skryfwerk, taalpolitiek, taalbeplanning en/of taalontwikkeling, kruiskulturele kommunikasie, tweedetaalverwerwing, vertaling. Benewens die analise en interpretasie van navorsingsresultate, moet die miniverhandeling ook omvattende literatuurstudie en sintese van bestaande beskouinge rakende spesifieke onderwerp bevat. Lengte: 18 000-20 000 woorde.

Eksamen: Toegepaste taalstudie 900 (TTS 900)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Toegepaste taalstudie 990 (TTS 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	480.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die student moet in navorsingsverslag van ongeveer 100 000 woorde (200 bladsye) bewys lewer van sy/haar vermoë om selfstandig ‘n oorspronklike wetenskaplike ondersoek te beplan en uit te voer oor goedgekeurde tema uit die toegepaste taalkunde.

Academic orientation 101 (UPO 101)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	0.00

Programme	BDram BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Inligtingsontwerp BA Oudiologie BA Regte BA Sport- en Vryestydstudies Sport- en Rekreasiebestuur BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde BA Sport- en Vryetydstudies Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Sport- en Vryetydstudies Sportafrigtingswetenskap BA Tale BA Verlengde program BA Visuele Studies BDram BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSW Maatskaplike Werk BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie
Voorvereistes	No prerequisites.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	GW Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Jaar

Academic orientation 120 (UPO 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	0.00
Programme	BSc Verlengde program - Wiskundige Wetenskappe
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	GW Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Jaar

Akademiese geletterdheid 110 (VAG 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Teologie
Voorvereistes	No prerequisites.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied

Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die volgende aspekte sal in die module aandag geniet: Strategieë om aantekeninge af te neem en opsommings te maak, akademiese woordeskatgebruik, doeltreffende woordeboekgebruik, om begrip te hê van die struktuur en uitbouing van akademiese tekste, leesstrategieë, uitgebreide en kritiese leesvaardighede, inleiding tot akademiese skryfkonvensies/-diskoers.

*Die aanbieding van VAG 110 en VAG 125 is onderhewig aan die getal studente-inskrywings. Indien minder as 20 studente vir die module inskryf, het hulle die keuse om óf vir ALL 110 en ALL 125 in te skryf, óf vir AFR 110 (12 krediete).

Akademiese geletterdheid vir Teologie 120 (VAG 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Teologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module stel studente in staat om die lees-, skryf- en kritiese denkvaardighede wat benodig word in die vakgebied Teologie te bemeester.

Akademiese geletterdheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 124 (VAG 124)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud
Hierdie module het ten doel om studente toe te rus met lees- en skryfvaardighede wat benodig word in die volgende vier hoëimpakmodules: Ondernemingsbestuur, Finansiële Rekeningkunde, Statistiek en Ekonomie. Studente sal verder toegerus word met die nodige vaardighede om diagramme en grafieke te kan teken en te interpreteer en om die nodige berekeninge en formules toe te pas. Gedurende Semester 1 werk studente individueel met die aanlyn-rekenaarprogram MyFoundationsLab binne 'n buigsame leeromgewing en gedurende Semester 2 woon hull die geskeduleerde kontaksessies by en doen die kursuswerk. *Hierdie module word deur die Fakulteit Geesteswetenskappe aangebied.*

Akademiese geletterdheid vir Geesteswetenskappe 125 (VAG 125)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die volgende aspekte sal in die module aandag geniet: Toepassing van leesvaardighede op fakulteitspesifieke temas, sintetisering van fakulteitspesifieke tekste, verwysingsmetodes, die skryf van fakulteitspesifieke tekste – essays, verslae, ensovoort.

*Die aanbieding van VAG 110 en VAG 125 is onderhewig aan die getal studente-inskrywings. Indien minder as 20 studente vir die module inskryf, het hulle die keuse om óf vir ALL 110 en ALL 125 in te skryf, óf vir AFR 110 (12 krediete).

Vakdidaktiek: Duits 400 (VDT 400)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Moderne Europese Tale
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Didaktiek van Duits as vreemde taal.

Visuele ontwerp (1) 102 (VIO 102)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BIS Multimedia
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Wiskunde 5 of WTW 114 of WTW 133 en 143
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Slegs vir studente in die pakket BIS Multimedia Inleiding tot elemente en beginsels van ontwerp, tipografie en uitleg. Toepassing van visuele beginsels en tegnieke. Media-eienskappe. Die ontwerpproses.

Visuele ontwerp (2) 202 (VIO 202)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	24.00
Programme	BIS Multimedia
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	VIO 102,
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week, 1 besprekingsklas per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Vereis VIO 102 *Slegs vir studente in die pakket BIS Multimedia Visuele analise en interpretasie. Ontwerpfunksie en spesifieke toepassings in die elektroniese omgewing. Estetiese, funksionele en kommunikatiewe evaluasie van ontwerp.

Professionele kunspraktyk (1) 100 (VIT 100)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	36.00
Programme	BA Beeldende Kunste BA Beeldende Kunste
Voorvereistes	Toelating tot relevante program

Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 6 praktiese sessies per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Vereis departementele keuring
Verwerving van praktiese vaardighede en direkte toepassing van ateljeepraktyk in ‘n wye verskeidenheid kunsprosesse, -tegnieke en -materiale. Algemene kunsopleiding wat fokus op markverwante kunsaktiwiteite.

Professionele kunspraktyk (2) 200 (VIT 200)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	40.00
Programme	BA Beeldende Kunste BA Beeldende Kunste
Voorvereistes	VIT 100
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 4 praktiese sessies per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Vereis departementele keuring Gevorderde tegniese en tegnologiese toepassings in twee-dimensionele en drie-dimensionele kuns, toegepaste kuns en elektroniese kuns.

Professionele kunspraktyk (3) 300 (VIT 300)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	45.00
Programme	BA Beeldende Kunste BA Beeldende Kunste
Voorvereistes	VIT 200
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 4 praktiese sessies per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud
*Vereis departementele keuring Navorsing, ontwikkeling en loopbaanvoorbereiding in ateljeepraktyk en markgerigte kunsaktiwiteite, kunsbestuur en kunsonderrig.

Visuele kultuurstudies 111 (VKK 111)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Beeldende Kunste BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Inligtingsontwerp BA Tale BA Verlengde program BA Visuele Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Grondbeginsels van visuele kultuur Hierdie module dien as ‘n inleiding tot kuns en visuelekultuurteorie deur na ‘n verskeidenheid tekste en idees te verwys. Die module bied aan studente ‘n wye blootstelling aan visuele diskoerse en sluit ‘n verskeidenheid visuele voorbeelde in bv kunswerke en advertensies. Die diskoerse waarna verwys word mag die volgende insluit: die ondersoek na wat visuele kultuur is; modusse van analise; inleiding tot terme soos ideologie en mite; die kontekstuele bekendstelling van geselekteerde periodes in die geskiedenis; die inleiding tot kulturele ikone en temas vanuit populêre visuele kultuur.

Visuele kultuurstudies 121 (VKK 121)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Inligtingsontwerp BA Tale BA Verlengde program BA Visuele Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Beelde oor media heen: kontemporêre idees
Hierdie module bied ? historiese oorsig, vanuit ? spesifieke Afrika-uitgangspunt gesitueer in die globale, van die wyses waarop beelde oor en deur verskillende media heen in visuele kultuur verskyn. Deur kernmodusse, temas, genres en visuele tekste te ontgin, word die wyses ondesoek waarop historiese gebeure en kulturele en ideologiese neigings die visuele beïnvloed. Die volgende temas kan behandel word: die progressie van grafiese en industriële ontwerp vanaf die Industriële Omwenteling, fotografie, kuns, mode, kleredrag, tydskrifte, gedrukte media en poskaarte. Die module bied ook ? inleiding tot die navorsingsbenaderings en -metodes in die veld van visuele kultuur.

Visuele kultuurstudies 123 (VKK 123)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Inligtingsontwerp BA Tale BA Verlengde program BA Visuele Studies BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Beelde oor media heen: historiese perspektiewe

Hierdie module bied ? historiese oorsig, vanuit ? spesifieke Afrika-uitgangspunt gesitueer in die globale, van die wyses waarop beelde oor en deur verskillende media heen in visuele kultuur verskyn. Deur kernmodusse, temas, genres en visuele tekste te ontgin, word die wyses ondersoek waarop historiese gebeure en kulturele en ideologiese neigings die visuele beïnvloed. Die volgende temas kan behandel word: die progressie van grafiese en industriële ontwerp vanaf die Industriële Omwenteling, fotografie, kuns, mode, kleredrag, tydskrifte, gedrukte media en poskaarte. Die module bied ook ? inleiding tot die navorsingsbenaderings en -metodes in die veld van visuele kultuur.

Visuele kultuurstudies 211 (VKK 211)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Inligtingsontwerp BA Tale BA Visuele Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Gender, seksualiteit en visuele voorstelling Hierdie module bied ‘n inleiding tot die uitbeelding van seks, gender en seksualiteit in visuele kultuur. Gender teorieë en terminologie wat verband hou met feminisme, manlikheid studies en lbgtq teorieë (lesbiese, biseksueel, homoseksueel, transgenderisme, queer) word ondersoek. Temas en brandpunte rakende gender en identiteitspolitiek soos die figuur van die manlike held, die vroulike naak in die laat 19de eeuse kuns, die femme fatale, histerie, androginie en transseksualiteit word hanteer. Seksualiteit en gender in ‘n wye verskeidenheid van visuele kultuur uitbeeldings soos sepies, sitcoms, kunswerke, advertensies, mode, musiekvideos en films word belig.

Visuele kultuurstudies 221 (VKK 221)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00

Programme	BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme BA Beeldende Kunste BA Geesteswetenskappe BA Inligtingsontwerp BA Tale BA Visuele Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Erfenis- en Kultuurtoerisme
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Visuele (Post)kolonialismes Hierdie module ondersoek aspekte van ‘n Afrika identiteit, Afrosentrisme, multi¬kulturalisme, transnasionalisme en die Afrika diaspora, asook ‘n toeligting van die kruispunte tussen tradisionele kuns, toerisme kuns en die hibriede estetika van kontemporêre Afrika kuns en visuele kultuur. Die module konsentreer ook op die ideologieë van imperialisme en kolonialisme en die invloede daarvan op kuns en visuele kultuur vanaf die negentiende eeu. Die invloed van postkoloniale denke op die dekonstruksie van die koloniale word o.a. deur die landskap en geheue, die eksotiese en Primitivisme uitgelig.

Visuele kultuurstudies 222 (VKK 222)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Visuele Kunste
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

